# Die perfekte pot!

**Hangpotte gee enige muur weer lewe. The Pot Place wys jou hóé maklik dit is!**

Ons huise is deesdae al kleiner, wat beteken ons het al minder grond en al meer mure. As jy jou mure egter kreatief gebruik en die wye verskeidenheid potte van The Pot Place inspan, kan jy 'n pragtige ooghoogtetuin hê. The Pot Place het die mooiste versameling hangpotte, en gee ook voorkeur aan ons talentvolle plaaslike kunstenaars. Die potte is dus nie net vertoonstukke nie – dit is ook eg-Suid-Afrikaans!

Dit is baie maklik om 'n muur weer lewe te gee met hangpotte. The Pot Place wys jou hoe:

1. Hierdie terracotta-hangpot is plaaslik vervaardig en word die "aarbeipot" genoem. Dit is 'n veelsydige pot wat ideaal is om jou tuin kleur te gee.
2. 'n Splinternuwe groen kleur, wat net by The Pot Place te kry is. As jy jou betonmuurpot by The Pot Place koop, kan jy kies watter een van die tien beskikbare kleure hulle dit vir jou moet verf – verniet!
3. 'n Baie bruikbare en veeldoelige steunarmpie vir langerige muurpotte of selfs 'n hangmandjie. Dit lyk baie fraai onder enige vensterbank.
4. Hierdie potboom is ideaal vir iemand wat 'n klein plekkie het. As jy 'n kruietuin daarvan maak, sal jy alles byderhand hê om geurig te kan kook, én dit sal 'n heerlike geur die huis indra. Jy kan ook vetplante in die potjies plant. Wissel terracottapotjies en glashouertjies af, en sit selfs kerse daarin vir 'n vonkel-aand!
5. "Terracotta" beteken nie verniet "gebakte grond" nie. Omdat dit kan asemhaal, hou dit plante gesond en laat dit hulle welig groei.

**The Pot Place is nét die plek om potte te koop. Kom maak 'n draai by Kerkstraat 279, h/v Witkoppenweg, Johannesburg-Noord, of besoek www.thepotplace.co.za, of skakel 011 462 2609.**


5


1


2


3


4